

# 2

## GOD SE LIEFDE

### *Christene is lief vir mekaar*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat Christene vir mekaar lief is.

#### **SPEKIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet dat –

- God ons liefhet en daarom het ons Hom en mekaar lief.
- God sy liefde bewys het deur Jesus Christus.
- om God lief te hê, is om Hom te prys, te dien en gehoorsaam te wees.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om deur hul liefde getuies vir God te word.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet in staat wees om die liefde wat hulle van God ontvang met ander te gaan deel.

#### **MEER INLIGTING (Markus 12: 29-31; 2 Petrus 1: 3-9; 1 Johannes 4: 7 – 5: 5)**

Vir gelowiges is dit belangrik om God en alle mense onvoorwaardelik lief te hê. Ons leer dit in Jesus se woorde in Markus 12: 29-31: *Jesus antwoord hom: "Die eerste is: 'Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.' Die tweede is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié twee nie."*

Hiermee som Jesus al die wette van die Ou Testament op. Liefde vir mekaar is iets wat voortvloei uit ons geloof in God. Gelowiges deel nie net hul geloof in God nie, maar ook in mekaar se lief en leed. Gelowiges aanvaar verantwoordelikheid om mekaar en ook ander wat nie deel van die kerk is nie, te vertrou, te bemoedig en te versorg.

In 1 Johannes 4: 10 staan: *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.* Liefde is die wese van God, dit is wat God is; God is liefde. Die Here skep, versorg, vertrou, verlos en gee die ewige lewe in liefde aan ons. Hy doen dit van die begin van die skepping af. Hy bring dit tot 'n hoogtepunt toe Jesus Christus vir ons aan die kruis gesterf het.

Om te sê *God is liefde* beteken dat elke daad van God 'n daad van genade is. Dit beteken Hy het onvoorwaardelik lief. Hy het ons lief sonder dat ons iets verdien. As God skep, skep Hy in liefde; as Hy regeer, regeer Hy in liefde; as Hy tereg wys, doen Hy dit in liefde. Daarom is dit belangrik dat ons God se liefde sal onderskei van die wêreld se liefde. God se liefde is nie net 'n emosionele goedhartigheid van mens tot mens wat voorwaardes stel voor Hy liefhet nie. Hy laat sonder voorwaardes sy enigste Seun aan die kruis sterf vir alle mense. Dit is waarom Johannes kan sê dat liefde nie is wat ons vir God het nie, maar juis dit wat God vir ons gedoen het.

1 Johannes 4: 19 verklaar waarom ons lief behoort te hê: *Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.* As jy die omvang en diepte van God se liefde begryp, kan jy nie anders as om ook lief te hê nie. Ons kan regtig eers liefhê as ons verwonder staan voor God se liefde vir ons. Sy liefde ken geen grense nie; dit vra nie wat ons vir Hom doen nie. God soek nie na mooi eienskappe in ons voordat Hy aan ons liefde bewys nie. God het ons juis liefgehad omdat ons so hulpeloos en hopeloos is. Hierdie soort liefde moet ons dwing en dring om alle mense lief te hê – 'n man sy vrou en andersom; ouers hul kinders en andersom; ek vir jou en jy vir my...

Gelowiges beywer hulle nie alleen daarvoor om God lief te hê deur Hom te aanbid, te prys en te dank nie, maar ook om 'n gemeenskap te wees waar mense vir mekaar omgee en na mekaar en ander se belange omsien. Die kerk behoort 'n saamwees van mense te wees wat onselfsugtig mekaar se belange op die hart dra. Paulus skryf in Galasiërs 5 dat gelowiges die liefdesgebod in hul lewe sal laat waar word wanneer hulle toelaat dat hulle deur die Heilige Gees gelei word en nie deur hul sondige natuur nie. Werklike liefde en omgee vir mekaar sal eers moontlik wees as gelowiges toelaat dat die Heilige Gees oor hul lewe beheer uitoefen. God woon deur die Heilige Gees in ons.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 280 (verkort) as gebed. Sê vir die kinders dat hulle goed moet luister waarvoor ons bid, want die les gaan oor God se liefde wat bevryding bring.

*Here, Redder, groot en magtig, U oorskou ons lewenspad.  
In u liefde en genade het U ook ons hand kom vat.  
Heer, u leiding bring bevryding – U het ook my hand kom vat.*

*U, my Redder, groot en magtig, U het my ook raakgesien.  
Ek is feilbaar, swak, onseker, tog wil ek U dankbaar dien.  
God, my Here – U is Here! Vas kan ek op U vertrou.*

*Lei my, Heer, na dié bestemming in u woord my opgedra.  
Laat my leef en werk met vreugde want dit sal volharding vra.  
Heer, u lyding bring bevryding – al ons skuld het U gedra.  
Amen.*

### **HET HULLE GEDOEN EN KAN HULLE ONTHOU?**

**(Waar die kinders iets moes memoriseer, moet hul boeke toe wees, anders help die oefening niks.)**

Laat 'n paar kinders:

- vertel of lees –
  - hoe Paulus se geloof in God hulle inspireer om hul liefde vir God uit te leef.
  - wat van Paulus se geloofslewe vir hulle uitstaan.
  - hoe hulle hul liefde vir God elke dag prakties gaan uitleef het.
- die stelling opsê wat hulle moes memoriseer: *Ons lewenswandel moet in ooreenstemming met die evangelie van Jesus Christus wees.*

Kontroleer of hulle die volgende vrae kan antwoord:

- As God se liefde in my is –
  - sal ek alle mense *met respek behandel*.
  - sal my verhoudinge anders lyk as *waaraan die wêreld gewoond is*.
  - sal ek weet ander mense het behoefte aan *liefde*.
  - sal ek ander mense se belange *bo my eie stel*.
  - sal ek deel wil wees van die *werksaamhede* van die gemeente.
  - sal ek nie omgee om selfs *ongewild* by mense te wees nie.

### **VANDAG LEER ONS**

#### **BEGIN SO**

God se liefde het so 'n ontsaglike invloed op mense se lewens dat hulle nie anders kan as om mekaar lief te hê nie.

Laat die kinders hul eie antwoorde gee op die volgende vrae: *(Lei hulle na 'n antwoord waarin hulle sal erken dat God oneindig, onberekenbaar goed vir ons is.)*

- Wat dink jy is jou lewe in geldwaarde werd? *(Onberekenbaar.)*
- Wat is die geldwaarde van alles wat jy van vanoggend af uit die Here se hand ontvang het? Moenie die suurstof vergeet nie! *(Ook feitlik onberekenbaar.)*
- Wat doen God vir jou dat jy Hom en jou naaste moet liefhê? *(Alles wat ons het, kom van God af, waarvan die grootste Jesus se offer aan die kruis is.)*

## IETS INTERESSANT

Laat enkele kinders –

- 'n definisie van liefde gee, en bespreek dit in die klas. (*Moenie sê wat is reg of verkeerd nie.*)
- sê wat hulle dink die belangrikste ding is wat God van ons verwag.

Lees 2 Petrus 1: 3-9 en 1 Johannes 4: 7 tot 5: 5 en hou die volgende aan hulle voor:

- Petrus leer ons dat elke gelowige 'n roeping het. Elkeen van ons wat aan Christus en sy kerk behoort, het 'n opdrag *om uit te voer* – miskien beter *gestel*, 'n opdrag *om uit te leef*. Hierdie opdrag is om mekaar lief te hê. Petrus vertel dat ons nie net die mense moet liefhê wat ons ken of wat ook aan ons kerk en gemeente behoort nie, maar alle mense. In 2 Petrus 1: 5-7 verduidelik hy dat ons daardeur die verderf kan *ontvlug* en deel kry aan die *Goddelike natuur*.
- Petrus gee dan 'n program van ses sake of eienskappe waarmee ons ons geloof of Christenwees moet versterk. Die program begin met geloof en eindig met liefde. Die een saak loop oor na die volgende. Geloof loop uit op *deugsaamheid*. Deugsaamheid is om die dinge te doen wat saak maak, wat nodig is, wat liefdevol is, wat gelukkig maak. Deugsaamheid loop hand aan hand met *kennis*: Ek moet God en Jesus Christus ken. Ek kan God en sy Seun net uit die Woord (die Bybel) leer ken. Hoe meer ek God leer ken, hoe meer *selfbeheersing* sal ek in die lewe hê. Wanneer ek selfbeheersing in my lewe toepas, sal ek kan *volhard* om die *goeie dinge in die lewe (Godsvrug)* te doen. Wanneer ek my met die mooi en die goeie dinge in die lewe besig hou, loop dit op *liefde* vir alle mense uit.
- Johannes skryf ook dat indien iemand sê dat hy of sy God liefhet en Hom dien en eer, maar in vyandskap met iemand anders leef, dan is daardie mens 'n leuenaar. Ek kan nie vir die wêreld vertel dat ek God liefhet en dan in onvrede met ander mense leef nie. Dis maklik om te sê dat ek God liefhet omdat ons Hom nie kan sien nie, maar die mense hier rondom my is 'n ander saak. Kinders van God het mekaar lief en bewys dit ook aan mekaar.
- Johannes sluit aan by Petrus, en 'n mens sou die teksgedeelte kon opsom deur die volgende te sê: *God is liefde – leef dié liefde uit!*

## IETS BELANGRIK

Skerp die volgende in:

- Omdat ons gelowig is, het elkeen van ons 'n opdrag *om uit te leef* – dit is om mekaar lief te hê.
- Ons moet nie net die mense liefhê van wie ons hou nie, maar alle mense.
- Ongelowiges het net diegene lief van wie hulle hou.
- Liefhê beteken nie dat alle mense jou huisvriende moet wees nie – ons kan nie van alle mense hou nie.
- Ons moet alle mense liefhê – dit beteken ons mag hulle nie kwaad aandoen of benadeel nie; as hulle in die nood is, moet ons hulle help.
- Daar is agt eienskappe wat by 'n Christen hoort:
  - Deugsaamheid – om te doen wat saak maak, wat nodig is, wat liefdevol is, wat gelukkig maak.

- Kennis – ek moet God en Jesus Christus uit die Woord ken.
- Selfbeheersing.
- Volharding.
- Godsvrug – *dit is om goeie dinge te doen.*
- Liefde onder mekaar.
- Liefde vir alle mense.
- Om Christus beter te leer ken.
- As jy sê dat jy God liefhet, maar jy leef in vyandskap met iemand anders, dan is jy 'n leuenaar.

## **GOD IS LIEFDE – LEEF DIÉ LIEFDE UIT!**

### **IETS OM TE DOEN**

Laat die kinders die volgende vrae in hul boeke skriftelik beantwoord. Lees die vraag en laat die kinders in die groot groep die antwoorde in die Bybel opsoek en dan bespreek. Die kategeet tree as fasiliteerder op.

#### **2 Petrus 1: 3-9**

- Petrus sê dat alles wat ons nodig het om van te lewe en om God te dien aan ons geskenk is. Dit beskou hy as die grootste gawe wat ons van God ontvang het. Wie het aan ons hierdie gawe geskenk? *Ons het die liefde van God ontvang deur sy Goddelike krag. (Die kinders moet hier begelei word om te begryp dat God die Heilige Gees aan ons hierdie gawe gee. Die liefde stel ons in staat om nie net God lief te hê nie, maar ook die mense rondom my, my gesin, my familie, my medegelowiges en selfs vreemdelinge en my vyand.)*
- Petrus sê dat die gelowiges hul geloof moet verryk met agt deugde wat soos 'n ketting in mekaar skakel. Skryf die deugde neer: *Deugsaamheid > kennis > selfbeheersing > volharding > godsvrug > liefde onder mekaar > liefde vir alle mense > om Christus beter te leer ken. (Die kinders moet begryp dat indien ons hierdie deugde in die lewe beoefen, dit ons in staat sal stel om Jesus Christus beter te leer ken. Hoe meer ons Jesus Christus leer ken, hoe meer sal ons Hom kan dien, aanbid en gehoorsaam wees – en hoe gelukkiger sal ons wees. Om Jesus te ken, is “ons enigste troos in lewe en sterwe” volgens die Heidelbergse Kategismus 1.)*
- Dink jy dis moontlik om alle mense lief te hê? Gee 'n rede vir jou antwoord. *(Die antwoord hier is “ja” en “nee”.) Ja: Ons kan nie van alle mense hou nie, maar ons kan alle mense liefhê indien ons verstaan wat God se liefde vir ons beteken en hoe God van ons verwag om hierdie liefde uit te leef (aan te gee). Indien ons begryp dat liefde in die eerste plek 'n daad uit dankbaarheid is, sal ons aan alle mense liefde kan bewys. Nee: As ons liefde net verstaan as 'n emosie, sal ons nie in staat wees om alle mense lief te hê nie.*

#### **1 Johannes 4: 7 – 5: 5**

- Waarin is God se liefde vir my geopenbaar, met ander woorde, hoe weet ek dat God my liefhet? Haal 1 Johannes 4: 9 aan. *Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy*

*enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê (1 Joh 4: 9).*

- Hoe beskryf Johannes die werklike liefde? *Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes. (Die kinders moet begryp dat ons nie net by die geboorte van Jesus – Kersfees – kan stilstaan as ons oor Jesus dink nie. Ons moet van Kersfees af verder kyk en die Paasfees onthou, en daar sal ons die kruis op Golgota raaksien. Aan die kruis betaal Jesus Christus vir my sondes, en so bewys God dat Hy my liefhet.)*
  - Lees vers 14. Wie het gesien dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het? *Die dissipels (later apostels genoem) en ’n menigte ander mense was destyds daar om Jesus Christus aan die kruis te sien sterf.*

*(Die kategeet verduidelik aan die kinders: Hulle het nog meer gesien: Hulle het Jesus gesien nadat Hy uit die dood opgewek is. Van hulle het selfs gesien hoe Hy opvaar na die hemel.)*
  - Hoe weet ons vandag wat die dissipels en ander mense gesien het? *Dit wat hulle van Jesus gesien en gehoor het, is neergeskryf in die Bybel.*

*(Die kategeet verduidelik aan die kinders dat die Heilige Gees ons oortuig dat dit wat hulle gesien en gehoor het die waarheid is.)*
- Wat is jou persoonlike mening oor hoe dit moontlik is dat God “in my” kan bly? *God woon deur die Heilige Gees in my. Die Heilige Gees “woon” of werk in my deur die Bybel. Deur die Bybel leer ek wat ek van God behoort te weet.*
- Wat hoef ’n kind van God volgens 1 Johannes 4: 17-19 nooit te vrees nie, en hoekom nie? *’n Kind van God hoef nie die oordeelsdag te vrees nie. Ons kan vrees vir die oordeelsdag omdat dit die moment gaan wees wanneer ons met al ons sondes voor God gaan staan. ’n Kind van God hoef nie dié dag te vrees nie, want ek bely dat Jesus Christus my verlos het. Ek probeer elke dag die liefde wat ek van God op hierdie manier ontvang het, aan ander gee. As ek liefhet, hoef ek nie te vrees nie.*
- Baie mense sê dat hulle God liefhet, Hom dien en Hom aanbid. Hoe weet ons of hulle die waarheid praat of nie? *Wat skryf Johannes oor hierdie saak? Indien iemand sê dat hy of sy God liefhet en Hom dien en eer maar hulle leef in vyandskap met iemand anders (haat sy broer), dan is daardie mens ’n leuenaar. Ek kan nie vir die wêreld vertel dat ek God liefhet en dan in onvrede met ander mense leef nie. Dis maklik om te sê dat ek God liefhet omdat ons Hom nie kan sien nie, maar die mense hier rondom my is ’n ander saak. Kinders van God het mekaar lief en bewys dit ook aan mekaar.*

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

- Laat die kinders by die huis by Les 3 ’n lys opstel van mense wat normaalweg aan hulle liefde betoon.

- Laat hulle neerskryf watter geleenthede daar vir hulle is om aan ander mense liefde te bewys.
- Laat hulle neerskryf hoe en aan wie hulle gedurende die week prakties liefde bewys het. Herinner hulle dat liefde aan mense buite ons gesin, aan medelidmate, vreemdelinge en selfs die vyand bewys moet word.
- Laat hulle 'n kort paragraaf gaan skryf oor hoe hulle hul vyand kan liefhê.

## **LEER**

Die kinders leer –

- die woorde van 1 Johannes 4: 7: *Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.*
- die volgende stelling: *As jy sê dat jy God liefhet, maar in vyandskap met iemand anders leef, is jy 'n leuenaar.*

## **AFSLUITING**

Gee geleentheid aan die kinders vir 'n stilgebed waarin hulle vir die Here vra om hulle in hierdie week te help om liefde aan ander mense te bewys.